NG KERK PETRUSBURG

Deur God se genade
'n biddende gemeente,
wat mekaar in liefde dien en
uitreik na die wêreld.

Leraar: Ds.Jaco Thom ✆ 084 523 1157 ✉ jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Skriba: Madette Lombaard ✆ 053 574 0279 ✉ ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis: Elmien Thom ✆ 084 562 3434 ✉ elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster: Annamarie Dercksen ✆ 072 499 4262 ✉ annamarie.dercksen@yahoo.com
www.ngkerkpetrusburg.co.za NG Kerk Petrusburg

3 Julie 2020

Erediens Sondag 5 Julie 2020

Skriflesing: Gen. 3:1-13 – Sonde in die paradys!?

Kollektes, Deurkollektes en Dankoffers

Die Sinode verwag steeds dat die deurkollektes ingesamel word, ons sal ook weekliks vir u herinner vir wie die betrokke Sondag se deurkollekte ingesamel word. U is ook welkom om dan die bankkollekte en Dankoffers asseblief elektronies oor te betaal.

Onthou om asseblief met die oorbetalings verwysings by te sit soos volg:
Dankoffer + Voorletters en Van
Bankkollekte of Deurkollekte.
(Dit is nie nodig om 'n naam by te sit met inbetaling van bankkollekte of deurkollekte nie)

Deuroffers die Sondag 5 Julie – Plaaslike behoeftige leerlinge

Ewige God,
maak ons binneste kalm en stil;
hou ons nederig, vol verwondering en vertroue,
laat ons in die geborgenheid van u liefde leef;
deur Jesus Christus ons Here.

Gebed by Psalm 131
vertaal uit *The Archbishops' Council of the Church of England*

VERJAARSDAE

Seënwense vir almal wat die komende week verjaar.
Mag dit 'n besonderse jaar vir elkeen van julle wees:

Julie

5 Mona Cornwell
6 Andre Hugo
7 Jaco Terblanche
8 Magda Van der Watt
9 **Lucia Cohn (82j)**
9 **Jan Kruger (82j)**
10 Amanda Strydom
10 Fanie Ward

Huweliksherdenkings

10 Faan & Ina Kriel (44j)



Leani en Gerrit du Toit asook die hele familie, baie geluk met klein Bart se geboorte 1 Julie.
Mag hy vir julle n bondeltjie vreugde wees en mag hy toegegooi word met God se seëninge!

Gebedsversoeke

Piet du Toit van Ons Woning is oorlede in die week, ons innige meegevoel met die familie. Die begrafnisdiens vind môre, Saterdag plaas.
Baie sterkte aan die familie en vriende, mag die Here julle vertroos in die tyd.

Voorbidding word gevra vir tannie Janet dut Toit en Wimpie wat baie getraumatiseer is en seergekry het met die plaasaanval. Petrusburg se gemeenskap is diep geraak, en so dankbaar dat hulle met die Here se genade die aanval oorleef het.

~~~~~~~~

Laat ons asb. weet van lief en leed sodat ons dit met die gemeente kan deel.

NB: Indien jy weet van iemand wat nie toegang het tot ons digitale uitsending nie, kontak Jaco Thom asb, sodat ons 'n plan kan maak.
~~~~~~~~

Vrystaat Voedselhulp

Vrystaat Voedselhulp is ‘n gesamentlike projek tussen die NG Kerk Vrystaat (via RICD as NPO) en landboubesighede en stel ten doel om ‘n 1 000 ton witmeel (200 000 x 5 kg sakkies) deur handelstakke en gemeentes aan behoeftiges te versprei. Bydraes kan in kontant of in natura gelewer word. – Barnard Steyn